
# VRYPOS

Tweeweeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**



VROUEMAAND

# Koninkrykstyd

**4 AUGUSTUS 2023** | JAARGANG 21

UITGAWE **12**

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

03 Bedieningsbegeleiding | **Vrouedag, Vrouemaand, Vroueleraars**

## 04 ARTIKELS

04 Verbi Divini Minister | **Enige waardering vir die vroue se stilte?**

04 Bedieningsbegeleiding | ***The Journal of Systematic Theology***, *Volume 3 | Uitgawe 1*

04 Ondersteuning | **Alexforbes - *Celebrating women this Women's Day***

04 Vennote in Getuienis | ***Halal* en *haram***

04 Afrika-Ekumene | **Op besoek aan Hefsiba, Mosambiek**

04 Afrika-Ekumene | **Worcester-Vallei se uitreik na Songo, Mosambiek**

## 06 DIS 'N RING-DING

06 Ring-projekte | **Ring van Sentraal dryf Voedselsekerheid**

## 07 MEDIATEEK

07 Boekbekendstelling | **Gideon van der Watt sal in gesprek wees met Christina Landman oor haar nuwe boek: *Christina Landman, 'n lewe***

## 08 EKOLOGIE

08 **Plastiekvrye Julie, maar wat van die res van die jaar?** | Plastiekvrye Julie-uitdaging

## 09 AKTUEEL ALGEMEEN

09 Bybelmedia-projek | CLF-Publikasie

11 Vrystaat Vroueleraars | Vrouedag

14 Advertensies

## 16 OPLEIDING

## 17 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

## 18 KALENDER

## 19 BETREKKINGS

## 20 VERJAARSDAE

## 21 *BLÊR*-REEKS KINDERSTORIES

## 23 'N LAASTE GEDAGTE

## 24 KONTAK ONS

## FOTO'S

Canva | Pixabay
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Magdaleen du Toit
Dr Martin Laubscher
Dr Henco vd Westhuizen
Dr Enrico Casaleggio
Mariëtte Odendaal
Ds Adrie Potgieter | Alexforbes
Bybelmedia | Kerkbode | CLF
Getuienisaksie Eenheids-bediening, VrydagNuus, Kaapkerk

# LOER, LEES EN LEER

saam met ons in hierdie uitgawe en laat weet ons asseblief wat jy dink!

# DAGBOEK DÍT

**KERKARGIEFKONFERENSIE**
**23 AUGUSTUS**

*"Eerste Dokumente", "Laaste Dokumente"*

'n Seminaar oor enkele van die mees historiese dokumente in die verhaal van ons kerkfamilie in Suider-Afrika.

**R250 per persoon** | 5 VBO-punte

# VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 18 Augustus**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


BYDRAES EN NAVRAE
cmclean@ngkvs.co.za

CELICIA MCLEAN


ngkerkvrystaat.co.za



VRYPOS-FOKUS

# VROUEDAG, VROUEMAAND, Vroueleraars

DEUR MAGDALEEN DU TOIT
*Spiritualiteit netwerk*

*Augustus is Vrouemaand en* ***9 Augustus is Vrouedag****. Skryf iets oor ons vroueleraars, vra Vrypos se redakteur. Dus:*

*Kinder, Küche und Kirche* (kinders, kombuis en kerk), lui 'n ou Duitse beskrywing wat 'n vrou se plek in die huis en gemeenskap netjies afgebaken het. Maar "kerk" het in hierdie geval natuurlik niks te doen gehad met 'n vrou in enige amp nie. Vroue het die onsigbare, ondersteunende agterhoede gevorm en was in baie gevalle die onsigbare ruggraat van die gemeente gewees.



Dit was dalk so iets van "vroue moet gesien en nie gehoor word nie". Hulle was stemloos.

Natuurlik vervul vroue nog steeds daardie onontbeerlike, dikwels onsigbare, nie-gehoorde liefdesdienste in gemeentes, maar intussen het die ampte oopgegaan en vroue staan hulle plek vol in kerkrade en op die kansel, ook in sinodesittings. Hulle het 'n stem gekry.

Baanbrekerswerk is gedoen deur die voorlopers soos Carin van Schalkwyk, Yolanda Dreyer, Marina Strydom en ander; hulle het die pad oopgemaak vir 'n leërskare vroue wat deesdae met groot vrug as leraars in gemeentes arbei. Daar word nie meer skeef opgekyk wanneer 'n vrou op die kansel verskyn nie, inteendeel, daar is groeiende waardering vir die spesifieke en unieke bydraes wat vroue na die bediening bring.

Wat sien jy as waardevolle en unieke bydraes wat spesifiek vroue na die bediening bring? vra ek vir 'n paar mense in gemeentes wat deur vroue bedien word.

'n Manlike lidmaat: "Daar is twee vrouepredikante in ons gemeente. Die ouer vrou het baie empatie en warmte, maar ook 'n stille krag. Die jonger een werk met die kinders en is baie geliefd. Die gemeente het groot waardering vir hulle."

'n Vroulike lidmaat se eerste kennismaking met 'n vrou op die kansel: "Dit was vir my vreemd, maar ek was aangenaam verras deur die sagtheid wat ek ervaar het. En tog was ek dadelik bewus daarvan dat sy 'n formidabele vrou is."

Nog 'n vroulike lidmaat: "Die kombinasie van sterkte en terselfdertyd groot deernis by haar speel 'n belangrike rol in ons gemeente. Ek dink ook, oor die algemeen, die rol van 'n vrou in haar gesin gee haar baie meer insig in probleme, waar 'n man vanweë sy werksituasie nie so baie blootstelling aan die alledaagse het nie."

Vroulike lidmaat oor haar dominee: "Ek voel by haar kwaliteite aan wat net 'n wyse ma kan hê: sy is bereid om die werklikheid in die oë te kyk, om die mense in haar sorg se ware aard raak te sien, om diep erkenning te gee aan ander se pyn en vreugde. Ook om weerloos teenoor hulle te wees en hulle diep in haar eie realiteit te laat inkyk. Om met sagte oë te kyk, maar ook soms baie ferm en beslis die waarheid voor te hou, terwyl sy die mens vashou en veilig maak. Ek dink daar is fasette van liefde wat 'n vrou aan 'n gemeente kan gee waarmee mans soms nog sukkel."

'n Manlike dominee: "My ervaring met vrouepredikante is dat hulle 'n oog en hart het vir randfigure en afgeskeepte of skynbaar minderwaardige standpunte.

**Foto:** *Canva.com*

Lees hier »

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE | AFRIKA-EKUMENE

BEDIENINGSBEGELEIDING

Verbi Divini Minister

**Enige waardering vir die vroue se stilte?**

*Dr Martin Laubscher, Erediens Netwerk*



**Lees hier**

BEDIENINGSBEGELEIDING

Volume 3 | Uitgawe 1

***The Journal of Systematic Theology***

*Dr Henco van der Westhuizen*
*Digitale Bediening Netwerk*

**Lees hier**

ONDERSTEUNING

Gesondheidssorg

***Celebrating women this Women's Day***

*Alexforbes*



**Lees hier**

VENNOTE IN GETUIENIS

Werkgroep vir Islam

***Halal* en *haram***

*Dr Enrico Casaleggio, Vennote in Getuienis*



**Lees hier**

AFRIKA-EKUMENE

Afrika-Ekumene

**Op besoek aan Hefsiba, Mosambiek**

*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*



**Lees hier**

AFRIKA-EKUMENE

Afrika-Ekumene

**Worcester-Vallei se uitreik na Songo, Mosambiek**

*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*



**Lees hier**

NG Kerk
Vrystaat

# KERKARGIEF KONFERENSIE

OUDITORIUM VAN DIE OORLOGSMUSEUM IN BLOEMFONTEIN

## 23 AUGUSTUS 2023

EERSTE DOKUMENTE




LAASTE DOKUMENTE

© 2023 | NG Kerk Vrystaat

**Die Kerkargief van die NG Kerk Vrystaat in Bloemfontein**
nooi ALLE belangstellendes, kerkhistorici, navorsers, leraars en teologiestudente uit na 'n oggendseminaar oor enkele van die mees historiese dokumente in die verhaal van ons kerkfamilie in Suider-Afrika.

Proff Erik de Boer, Dolf Britz, Johann Rossouw, Lindi Koorts
Drs Jurie van Wyk, Gideon van der Watt, Francois Smith & Ds Jan Lubbe

R250 per persoon | **BESPREEK HIER**

argief@ngkvs.co.za
(051) 406 6700

5 VBO -punte

# RINGE

*In samewerking met*
***Sinodale Bedieninge***




*Deur* ***Mariëtte Odendaal***

# **Ring van Sentraal** *dryf Voedselsekerheid*

"God soek nie gegradueerde tuiniers om 'n verskil te maak nie, maar 'n hart wat gewillig is om te waag met 'n saadjie in die hand en 'n druppel reënwater wat opgegaar is."

***- Ds Ronel Coertzen***

Die NG Kerk Vrystaat het in die 2022/23-boekjaar 'n bedrag van R30 000 aan elkeen van die 15 Vrystaatse ringe beskikbaar gestel om gesamentlike ringsprojekte te ondersteun. Die versoek was dat diens in samewerking met 'n sinodale bediening gelewer moes word.

"Wat die Ring van Sentraal betref, is daar by die sinodale bediening Diens van Barmhartigheid ingeskakel," vertel ds Ronel Coertzen, ringskriba van die Ring van Sentraal en predikant van die NG Kerk Fouriesburg.

## Vertel ons meer van jul ringsprojek oor voedselsekerheid

"Ons ring het besluit om vir Thabo Olivier, 'n passievolle aktivis en leier van ***Let's grow food*** te nader om dit waarvoor hy staan, te kom deel," vertel Ronel. "Op 24 Maart vanjaar het verskeie verteenwoordigers van ons ring by Senekal-Noord vir hierdie geleentheid byeengekom. Thabo het van meet af aan elkeen se verbeelding aangegryp met sy woorde: *Preach what you practise and have free food for life.* Dié boodskap het 'n besondere impak op ons gemaak sodat ons met geïnspireerde hoop en moed uitmekaargegaan het." Ronel verduidelik: "Dit is belangrik om enige projek, veral een oor voedselsekerheid, volhoubaar te help maak. Om daarin te kan slaag, is dit nodig dat deelnemers die kapasiteit en die selfvertroue moet hê om daarmee te kan volhard nadat hulle begin het.

Lees meer »

# MEDIATEEK




## MEDIATEEK | **INVENTARIS**

Loer gerus na die **Mediateek** van die NG Kerk Vrystaat, Sinodale Kantoor se volledige inventaris hieronder.

Navrae | **Anelia van den Blink (051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**.

**Loer hier** »




## BEGIN VANDAG NOG!

**Oorgeneem** | *VrydagNuus Kaapkerk, 28 Julie 2023*

In Julie het ons *Plastiekvrye Julie* gevier, maar wat van die res van die jaar? Kom ons sit skouer aan die wiel en gaan kyk op die Taakspan Ekologie se webblad wat jy alles kan doen om aktief by te dra om 'n GROENER aarde te help skep - ons spring sommer weg met Julie se **Internasionale Plastieksakvrye Dag**. Dis 'n wêreldwye inisiatief wat daarop gemik is om die gebruik van plastieksakke uit te skakel. Plastieksakke lyk dalk na 'n gerief vir kruideniersware-inkopies, maar dit plaas ook groot druk op die omgewing met verwoestende gevolge. Loer gerus hieronder na 'n paar nuttige wenke oor hoe ons die gebruik van plastiek drasties kan verminder.

---

NEEM DEEL AAN DIE **PLASTIEKVRYE JULIE-UITDAGING**

**GETUIENISAKSIE**
Eenheidsbediening
- VGKSA Streeksinode Kaapland
- NG Kerk in Suid-Afrika
- Reformed Church in Africa

**Loer hier**




**CLF-Uitgewers** se jongste akademiese/teologiese publikasie,

***Christ's love moves us to reconciliation and unity***

*deur Johannes Knoetze en Jerry Pillay*

CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

## Oorsig (Engels)

***Christ's Love Moves Us to Reconciliation and Unity*** *(edited by Johannes Knoetze and Jerry Pillay) is a collection of peer-reviewed academic essays born out of an academic conference hosted by the Faculty of Theology and Religion at the University of Pretoria. Drawing inspiration from the theme of the 11th Assembly of the World Council of Churches, these essays bear witness to the power of Christ's love to move, reconcile, and unite, offering a unique African perspective. In the wake of the global Covid-19-pandemic, these thought-provoking papers tackle pressing questions surrounding the Church's ability to organize, communicate, and act with love in the face of Africa's complex challenges. In the pages of this book one will discover a path towards shared solidarity and God's mission of love in Africa.*



# Back ON DEMAND

**30 AUGUSTUS | 31 AUGUSTUS**
**19:00 - 21:00 | 08:00 - 10:00**

+ REGISTREER



**ALITA VAN ZYL**
*Veranderings- en kommunikasiespesialis en lewensafrigter*
SPREKER



**SUNET MEYER**
*Verhoudingsafrigter*
SPREKER

## Die - Som + Van x Alles =
# KOMMUNIKASIE



**COBUS VISSER**
*Motiveringspreker*
SPREKER



**PG PARADIGM**
*Internasionale motiveringspreker, skrywer, lewensafrigter en berader*
SPREKER

2 VBO -punte

# *GRATIS* AANLYN KURSUS

**NAVRAE** | CELICIA MCLEAN
cmclean@ngkvs.co.za

NG Kerk Vrystaat | THE SUCCESS CARTEL | ALITA VAN ZYL | PG PARADIGM | COBUS VISSER

VROU

VRYSTAAT VROUELERAARS













#vrouwees



VRYSTAAT
VROUE-
LERAARS










2023

~ *Fynbos vrou*

# WARE SKOONHEID SPRUIT UIT 'N VROU WAT VRYMOEDIGLIK EN ONBESKAAMD WEET WIE SY IS IN CHRISTUS

**Lees hier** »

# VROUE
## ONS VIER VROUWEES
# 09.08 DAG

## Vrouwees


"Dis iets meer as net 'n geslag... Dis meer as net die biologiese vermoë om kinders in die lewe te bring.. Dit is baie meer as wat die wêreld raaksien.
Om vrou te wees is 'n voorreg en 'n uitdaging.

***Kom ons vier vrouwees.***

Kom ons wees trots op ons *perfect-imperfection*. Kom ons *embrace* ons swakhede en deel met ons mede-vroue hoe ons ons uitdagings oorkom. Ons is die appel van God se oog. Hy het geweet ons is sterk en wys genoeg om al die uitdagings in die lewe aan te pak.
**Daarom het Hy jou gekies om vrou te wees!"**



Academic and Theology Books
Klik hier


CLF'S
BOOK CLUB
BOOK A MONTH CLUB
MEMBERS RECEIVE 50% DISCOUNT ON ANY ONE BOOK PURCHASE EACH MONTH
info@clf.co.za
021 873 6964
BIBLE STUDY, SPIRITUAL GROWTH, JESUS, DEVOTIONAL, INSPIRATIONAL
Klik hier




New Publications
Christ's love
GOD'S STORY
SOJOURN on the VELD
Klik hier




ONS HET NOG ENKELE PLEK
BLOMME VIR HOOP
Vrouedag
12 August 2023
Engo
Cezanne
Gaskunstenaar
Kontak: Debbie: 082 531 7371
Klik hier

VBO BOEK Gesprek
Kontra-intuïtief
Ernst Conradie
Die Bybel en die Christelike geloof besing die werk van God as Skepper uit volle bors met feesviering, aanbidding en danksegging. Die klem op skepping word egter dikwels misbruik om die belange van magtiges te verdedig. Daarom die talle filosofiese en wetenskaplike vraagstukke oor wat "skepping" nou eintlik beteken.
In hierdie boek stel Ernst Conradie voor dat "skepping" 'n manier is om na hierdie wêreld te kyk. Dit is 'n diepgewortelde geloofsoortuiging wat ons help sin maak van die wêreld soos dit nou rondom ons lyk – gegewe dit wat aantreklik en aangrypend is, maar ook die pyn, onreg en ellende wat daar is. Dit bied 'n herbeskrywing van die wêreld as skepping én 'n toeskrywing van hierdie wêreld aan God. Dit bied een interpretasie naas ander wat tegelyk kontra-intuïtief, gevaarlik en verbysterend is.
Op grond van die klem op die hede word dit moontlik om te kyk na die verlede van God se skepping, as gevaarlike herinnering, en die toekoms van daardie skepping, as belofteryke uitdaging.
AUG 16
Communitas
Lokaal 1
11:00 - 13:00
Registrasie:
Klik hier




NS 2024 DAGBOEK IS HIE
2024
A4 DAGBOEKE
Slegs R350 per boek
A5 DAGBOEKE
Slegs R250 per boek
Engo
Plaas jou bestelling nou by info@engo.co.za
Klik hier




ONS DERDE VRYSTAATSE VROUEWEGBREEKNAWEEK
EINGEDI RETREAT NABY LADYBRAND
13 TOT 15 OKTOBER 2023
TEMA: WAT HET VREUGDE EN SAPPIGHEID MET MEKAAR TE DOEN?
AANBIEDER: PRETPRATER ELSABE ALDRICH
GASSPREKER: BLYDSKAPKENNER JOHANNES DE VILLIERS
Die naweektarief van R1800 sluit die volgende in:
• 2 nagte se verblyf in goedtoegeruste chalets
• 5 heerlike bederf-maaltye
• 4 Sappige Sessies deur Elsabe
• 1 Blydskapsleerskool deur Johannes
• Skryfboek, pen en ander verrassings
Vir besprekings kontak Jolanda Visser by 0828520610. Meld hoeveel in julle groepie is. 'n Deposito van R500 maak jou plek vas. Die res van die bedrag kan in paaiemente oor die volgende vier maande inbetaal word. Teen 30 September is die volle bedrag betaalbaar. Stuur betaalbewys na Jolanda by g.visser@mweb.co.za
Bankbesonderhede: E Aldrich ABSA tjekrek 4044347765 Bankkode: 334210
Elsabe se selnommer vir enige navrae: 0828959899 of 0832328784
Blydskap
Klik hier




IN PAS
met die lewende God
Ritmes en gewoontes vir roepingsgetroue gemeentes
DAGBOEK DIE DATUM
21—23 Augustus 2023
Oefenkamp vir
leraars en gemeenteleiers
eMseni konferensiesentrum
Koste: R2600 pp
Bespreek by Ester Steyn: esters@ngkerk.org.za
Klik hier




hugenote kollege
Skool vir Teologie en Bediening
AANSOEKE DEURLOPEND AANVAAR
• Baccalaureusgraad in Missionale Teologie*
• Antieke Bybelse Tale*
• Bedienaars met Preek- en Erediensleidingsvaardigheid***
• Bedienaars met Jeug- en Familiebedieningsvaardigheid***
• Bedienaars met Gemeenskapsdiakonaatvaardigheid***
• Bedienaars met Pastoralesorgvaardigheid***
Doen NOU aansoek!
Skool vir Maatskaplike Hervorming
AANSOEKE VIR 2024 WORD NOU AANVAAR
• Baccalaureusgraad in Maatskaplike Werk*
• Nasionale Diploma in Vroeë Kindontwikkeling**
• FET Sertifikaat in Gemeenskapswerk***
• FET Sertifikaat in Maatskaplike Hulpwerk***
• FET Sertifikaat in Kinder- en Jeugsorgwerk***
Minimum Vereistes
*Baccalaureustoelating, 60% Engels, APS 30
**Matriek Slaag
***Graad 10 Slaag
Benodig meer inligting?
Kontak 021 873 1181 of epos
Klik hier

# Sondag 13 Augustus 2023

# Dag van verootmoediging

## NG KERK (SUID-AFRIKA EN NAMIBIË)

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
EEN LIGGAAM EN EEN GEES

**Op hierdie Sondag gaan ons, die gemeentes van die NG Kerk, tydens ons plaaslike eredienste nederig buig voor die Here oor die toestand van ons lande. Ons gaan onder meer bid vir:**

- die genesing van ons lande
- leiers wat met integriteit regeer
- geestelike en morele herstel
- beter skoolopvoeding vir ons kinders
- die veiligheid van ons mense
- die herstel van ekonomiese vertroue en investering
- betroubare vennootskappe met die regeringsektor t.o.v. maatskaplike dienslewering
- die verkiesing van 2024
- diegene wat as gevolg van armoede, geweld of natuurrampe swaarkry.

**Die dagbestuur van die Algemene Sinode asook die voorsitters van die streeksinodes versoek kerkrade om aan hierdie dag deel te neem. Daar gaan ook op 13 Augustus om 15:00 'n verootmoedigingsdiens aanlyn uitgesaai word. Die dagbestuur van die Algemene Sinode sal die diens lei.**
**Skakels sal vooraf uitgestuur word.**

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE

## NUUT Lentekonferensie 2023

**19 - 21 September 2023** | Registreer nou vir die jaarlikse Lentekonferensie, met die tema: "*As it is in Heaven". Kerkwees, die hier en nou*.

Lees meer + Registreer +

## NUUT Pastorale Beradingskursus

**9 September 2023** | 'n Pastorale Beradingskursus deur prof Wentzel Coetzer te Cornelia, Vrystaat, met die tema: *Pastorale Begeleiding van die Getraumatiseerde Persoon*. Navrae @ 083 660 0409 / e-posadres: wentzelc@gmail.com

Lees meer + Google map +

## NUUT Seminare | Prof Gordon Mikoski

**22 en 23 Augustus 2023** | Twee identiese oggend-seminare saam met hierdie teoloog, met die tema: *Die onderrig van ons jeug (Kategese of Sondagskool)*.

Lees meer + Registreer +

## Pastorale Beradingskursus

**15 Augustus 2023** | 'n Aanlyn (Zoom) Pastorale Beradingskursus deur prof Wentzel Coetzer, met die tema: *Trauma as 'n verwoester - Pastorale Perspektiewe*.

Lees meer + Registreer +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

## PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE



Nuuswenke oor lidmate, gemeentes of ringe wat uit die boks dink om 'n verskil in hul omgewing te maak, is baie welkom.

E-pos: helene@bmedia.co.za

**Publikasie**
*Bid-vreugde*
**Loer hier** »

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

**Publikasie**
*Kontra-intuïtief*
**Loer hier** »

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

**Publikasie**
*FaithStyle*
**Loer hier** »

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

## BROKKIES UIT kerkbode

**Michele se roeping in Oekraïne: 'Die Here het my van vrees vrygemaak'**
*Oorgeneem uit Kerkbode / Artikels*
*3 Augutsus 2023*

**Spiritualiteit: 'Kom word met elke sintuig stil'**
*Oorgeneem uit Kerkbode / Artikels*
*27 Julie 2023*

**Nelis Janse van Rensburg skryf: Afrikaans as geloofstaal**
*Oorgeneem uit Kerkbode / Gedagtes oor kerkwees / 21 Julie 2023*

DAGBOEK DIÉ
**24 / 25 September is *#loopvirhoop*: 5km wat jou lewe kan verryk en Hoop gee**
*Oorgeneem uit Kerkbode / Nuus*
*14 Julie 2023*

# KALENDER

Stuur alle kalender-gebeure aan **cmclean@ngkvs.co.za**

nuut

# AUGUSTUS

Belangrike datums en gemeentegebeure

2023

## GEMEENTEGEBEURE

**www.ngkerkvrystaat.co.za**

NG Kerk Vrystaat

Loer gerus hier op die **webblad se kalender** vir alle belangrike datums en gemeentegebeure

# BETREKKINGS

VAKATURES | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

NG GEMEENTE
**TROMPSBURG**
LERAARSPOS

Sluit: **14 Augustus 2023**

*OORGENEEM UIT KERKBODE*

NG Kerk Vrystaat

NG GEMEENTE
**HENNENMAN**
LERAARSPOS

Sluit: **15 Augustus 2023**

*OORGENEEM UIT KERKBODE*

NG Kerk Vrystaat

NG GEMEENTE
**KROONSTAD-SUID**
LERAARSPOS

Sluit: **31 Augustus 2023**

*OORGENEEM UIT KERKBODE*

NG Kerk Vrystaat

NG GEMEENTE
**ODENDAALSRUS-OOS**
LERAARSPOS

Oop vir aansoeke **totdat pos gevul word**

*OORGENEEM UIT KERKBODE*

NUUT

Roodekrans deel lewe

NG GEMEENTE
**ROODEKRANS**
JEUGLERAAR

Sluit: **7 Augustus 2023**

KAAPKERK
CHRISTUS EN VREUGDE

BELLVILLE
**KAAPKERK**
MULTI-MEDIA INHOUDSKEPPER

Oop vir aansoeke **totdat pos gevul word**

## Predikantenuus

VRYSTAAT

**Dr Sameul Louw** van NG Gemeente Bethulie het op 16 Julie 2023 sy Akte van Demissie ontvang. **Ds John Matthews**, voorheen van NG Gemeente Vier Ankers in Sasolburg, is op 23 Julie 2023 in NG Gemeente Heuwelsig as diensleraar met opdrag: Jeug, bevestig. **Ds Chris de Vries**, voorheen van NG Gemeente Kovsiekampus (Kopanong Church), is op 23 Julie 2023 as tentmaker gekoppel aan NG Gemeente Heuwelsig, bevestig.

**Kerkbode**

**MEER INLIGTING** | woes@mweb.co.za / 023 342 6030

**Afloslerraars**

**MEER INLIGTING** | skakel@ngkvs.co.za / (051) 406 6700

# VERJAARSDAE




## AUGUSTUS »

**05** Mev Anelia van den Blink
**SINODALE KANTOOR**

**10** Ds Jan Venter
**GARDENIAPARK**

**10** Ds Francois van Tonder
**PARYS-OOS**

**11** Ds Johan Kruger
**BOTHAVILLE-NOORD**

**12** Ds Nico Dicks
**VENTERSBURG**

**14** Ds Hannes du Plessis
**UNIVERSITAS-WES**

# HOU DIE SPASIE DOP




NG Kerk Vrystaat

SCHINK PUBLISHING

JONK

# Ons splinternuwe kinderstoriereeks

*Onderhoud deur **Mariëtte Odendaal*** | JONK Vrystaat Netwerk

**"Hou hierdie spasie dop! Ek skryf en illustreer aan 'n splinternuwe reeks, *Blêr*,** saam met die NG Kerk Vrystaat en JONK Vrystaat – en dit is *awesome*! Ons is hard aan die werk met ons eerste verhaal, spesiaal vir die jongspan!"

*So skryf skrywer, illustreerder en uitgewer **Martin Cyril Schwella** van **Schink Art** alreeds op 31 Mei op sy Facebook-blad.*

**Ons is dus nou baie opgewonde om aan te kondig dat dié reeks kinderstories, *Blêr*, so pas die lig gesien het.**

In die reeks lees ons van die avonture van Leon, 'n nuuskierige skapie, wat via verskeie opwindende avonture waarhede oor God, die kerk, die lewe en sy identiteit in Christus ontdek. Hy kom ook tot die wonderlike gevolgtrekking dat hy nog al die tyd, van die begin af al, aan God behoort.

Dié opwindende reeks bestaan uit twaalf kort kinderverhale, geskryf en geïllustreer deur Schwella, en word uitgegee in samewerking met ds Francois Lamprecht, sameroeper van die NG Kerk Vrystaat se Netwerk JONK Vrystaat.

**Dit beloof om baie gewild onder ons kinders te wees.**

Die reeks fokus op kinders, maar is toeganklik vir 'n baie wyer groep lesers. Die NG Kerk Vrystaat doen 'n beroep op ouers om saam met hul kinders hierdie pragtige reeks te lees.

Dit bied aan gesinne 'n gulde geleentheid om sáám op 'n ontdekkingsreis met God te gaan.

**Die eerste van dié 12 stories gaan vanaf 18 Augustus vanjaar tot 1 Maart 2024 in elke *Vrypos*-uitgawe verskyn.**

**Kom gerus saam met ons op reis na ons eerste *Blêr*-reeks!**

Vir meer inligting kontak ds Francois Lamprecht (NG Gemeente Pellissier)

082 374 3983 of francois@ngkerkpellissier.co.za

**Ds Adrie Potgieter**
*Addisionele lid van die Moderamen en leraar van NG Gemeente Senekal-Noord*

# Vroue wat inspireer

Deur die geskiedenis heen was daar al soveel invloedryke vroue. Name soos Florence Nightingale, Moeder Teresa, Marie Curie en Eleanor Rooseveldt kom by my op. Vroue wat opgestaan het vir dit wat reg is, vroue soos Helen Joseph, Lillian Ngoyi, Rahima Moosa en Sophia Williams inspireer ons vandag nog.

## Die vroue van die Bybel is ook geen uitsondering nie.

Mirjam was 'n profetes en leier in Moses se leër. Debora was 'n rigter en 'n profetes en het die Israeliete tot oorwinning gelei. Sy was 'n leier onder haar mense toe dit nie van 'n vrou verwag of aanvaar is om so 'n rol in te neem nie. Ester was 'n koningin wat haar lewe gewaag het om haar mense van volksmoord te red. Rut was bekend vir haar onwrikbare geloof in God, selfs wanneer dinge vir haar moeilik was. Haar geloof is gedemonstreer deur haar lojaliteit, oneindige deernis en toewyding. Sy was ook moedig in die gesig van gevaar en bereid om risiko's te neem vir dit waarvan sy oortuig was.

Ons sou nog baie voorbeelde noem van vroue in die Bybel wat nie net vir ons 'n opwindende blik op die tydperk gee nie, maar ons as vroue vandag nog inspireer om op te staan vir dit waarin ons glo.

Hulle leer ons om ons vrese reguit die hoof te bied en nooit tou op te gooi in die aangesig van teenstand nie. Hulle herinner ons dat daar altyd hoop is, selfs in die donkerste tye. Ons kan leer om sterk te wees in moeilike omstandighede. Ons kan leer om geloof te hê in die lig van twyfel. Ons kan leer om nederig te wees in die aangesig van triomf en teëspoed.

En seker die belangrikste, hulle herinner ons dat ons ook geroep is vir 'n tyd soos hierdie, dat ons ook vroue van invloed kan wees en 'n voorbeeld kan stel vir ander om te volg.

**Lees hier** »



Foto: **Ds Adrie Potgieter**

# KONTAK ONS

REDAKSIE

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

Nuusgebeure | Bydraes | Inligting
voor 12:00 Dinsdae na
cmclean@ngkvs.co.za




# Samestellers

Celicia McLean (Redaksioneel)
**cmclean@ngkvs.co.za**

Carlie Niehaus
**carlie@ngkvs.co.za**

**skakel@ngkvs.co.za**

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg | Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

@NGKERKVRYSTAATAMP • NGKERKVRYSTAAT.CO.ZA

Teken in op **VRYPOS** | Kanselleer **VRYPOS**

© 2023 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG KERK VRYSTAAT | © 2023
Departement Kommunikasie en Bemarking